DIE HOËRSKOOL MENLOPARK · EXCELSA PETAMUS · SEDERT 1963

# menlo-insig

1/2025

24 Januarie 2025

## LIEWE MENLO

Dit is met 'n dankbare hart wat ek vanoggend vir my EERSTE eerste kwartaal by Die Hoërskool Menlopark aantree. Oral op Menlo-bodem heers 'n atmosfeer van afwagting en in die vierkant, waar die graadagts moed bymekaar skraap om die matrieks vir die eerste keer te beïndruk, is daar ook 'n bietjie gesonde angs.

In die amfi is daar 'n paar graad 8-moeders wat dapper sluk aan die knop in hulle keel. Hulle kinders stap vanjaar die eerste tree in hoërskoolskoene en elke graad 8-ma wonder of daardie skoene sal pas. Vir die res van die Menloparkers is die amfi 'n drukpot van entoesiasme en blymoedigheid. Dan raak dit stil om die aggies een vir een by die naam te roep sodat hulle Menlo-reis amptelik kan begin. Onwillekeurig dink ek aan 'n paar maande gelede toe die Klas van 2024 ook een vir een uitgeroep is om hulle reis op Menlo-bodem te voltooi. Gedurende die volgende vyf jaar sal die graad 8's 'n paar golwe trotseer. Die tienerlewe is nie altyd maklik nie, maar daar is kalmte agter elke golf.

My onstuimige gedagtes word deur ds. Fritz Snyman tot orde geroep en sy boodskap boul my uit: Daar *is* golwe, maar ons is nie alleen nie. Selfs in die stormagtigste tye is ons veilig.

Die knop in my keel word ligter en my hart vind sy ritme. Op 3 April 2024, toe ek my wortels op Menlobodem geanker het, is daar met 'n nuwe tradisie begin. Vandag sit ons daardie tradisie voort. Die hoofleiers en Parkieraadvoorsitters ontvang elkeen 'n steggie wat eendag as simbool van genade en vooruitgang in die skool se tuin sal floreer. Mag hierdie eenvoudige gebaar die Parkies altyd herinner wie hulle veilige Anker is.

Daar is skielik 'n dreuning in die amfi en ***Assandria*** bevestig dat die Parkie-gees steeds onwrikbaar staan. Parkies victorious!

Gedurende die dag, eggo die gebeure van vroeër deur my gedagtes. My hart bedaar, want ek weet: Die skool is in veilige hande.

Mag elke Parkie vanjaar sy/haar seile span, storms trotseer en horisonne verbreed. Menlo is gereed!

KOBUS HARTMAN





## MENLO MA'S WAT OMGEE

Ouers word na die gebedsbyeenkoms wat Donderdae vanaf 07:30 tot 08:30 in die koshuis se sitkamer plaasvind, uitgenooi. Navrae en gebedsversoeke: 082 579 4968.

**Psalm 42:2 Die Boodskap**

Soos 'n bokkie in die woestyn wat dors is vir water, so het ek 'n vurige verlange om by U te wees, God! Net soos 'n bokkie sonder water doodgaan, gaan ek dood as ek nie by U is nie.

# DAGBOEK

**25/1** Perdesport: Menlo-skou

**27/1** Redenaars: Afrikaans voorbereide uitdunne (Gr. 10 – 12, A104) – 28/1
Hokkie: Ouerinligtingsvergadering (Ouditorium, 18:00)

**28/1** Drama: Toneeloudisies Graad 9 – 12 (Blou Teater, 14:30)
Netbal: Ouerinligtingsvergadering (Ouditorium, 18:00)

**29/1** Orkes: Ouerinligtingsvergadering (Personeelkamer, 18:00)
Rugby: Ouerinligtingsvergadering (Ouditorium, 18:00)
Muurbal: Ouerinligtingsvergadering (Menlo-muurbalbane, 18:00) / Menlo verjaar




**30/1** Swem: Gala
Fietsry: Ouerinligtingsvergadering (Ouditorium, 18:00)

menlo-insig | Ed-admin

## Menlo-media-metamorfose

Ouers ontvang vandag die eerste Menlo-Insig, die skool se amptelike nuusbrief, waarin die prestasies van die Parkies weergegee word. Die spoed waarteen die Parkies presteer, steek soms die spoed waarteen die Insig gepubliseer word, verby. Hou gerus die skool se sosialemediaplatforms dop – die wel en weë van die Menloparkers sal gereeld hier gedeel word. Volg asseblief die volgende stappe om die skool van u kind se prestasies in kennis te stel:

- Prestasies binne skoolverband sal deur die onderskeie organiseerders aan die skool se mediaspan gestuur word.
- Ouers word versoek om prestasies buite skoolverband na bemarking@menlopark.co.za te stuur.

Die skool implementeer vanjaar 'n nuwe administratiewe stelsel, Ed Admin Multi Portal. Menlo-kommunikasie sal deur middel van hierdie toepassing aan ouers versprei word en inligting oor punte en afwesighede is ook op die toepassing beskikbaar. Geniet die eerste nuus van 2025!

# ALGEMEEN

## Agteros kom ook in die kraal!

Die Menlo-bodem is 'n spilpunt van bedrywighede en die verkeersvloei rondom die skool is veral gedurende spitstyd problematies. Die skool rig 'n versoek aan ouers om stadig en versigtig te bestuur wanneer hulle in Rosemaryweg ry. Wees asseblief bedag op voetgangers wat by die voetoorgang wag om die pad oor te steek.

Die verkeerstroom verdamp smiddae redelik vinnig en die verspreiding van verkeer maak 'n groot verskil om die druk te verlig – moet dus nie huiwer om u kind eers 'n minuut of vyf na huistoegaantyd op te laai nie.

Die skool sien saam met die ouers en Parkies na 'n bedrywige en veilige jaar uit waar elke Parkie se veiligheid gerespekteer word.

#myplekismenlo



# AKADEMIE

## Tien uit tien vir Menlo-matrieks




Die langverwagte matriekuitslae is verlede week bekendgemaak en die skool het sy reputasie as top- akademiese instelling ou-dergewoonte gestand gedoen. Volg gerus die **skakel** vir 'n vol-ledige uiteensetting van die uitslae. Die Insig gee graag 'n op-somming van die hoogtepunte:

- 868 onderskeidings (Alpha Wiskunde ingesluit).
- 2,4A's per kandidaat.
- Graadgemiddeld: 72,06%.
- Graadvrystellingskoers: 96,9%.
- 85 leerders met 'n A-gemiddeld.
- 1 leerder met 10 A's.

#menlokook



## Laaste groet vir Klas van 2024

12 jaar. 48 kwartale. Dit is hoe lank 'n mens se lewe deur die ritme van skoolklokke gereguleer word. In eksamentye voel dit soms asof die tyd te stadig verbygaan, maar dan staan jy skielik een oggend op om die laaste rapport by die skool af te haal en dit is dan wanneer jy besef hoe vinnig twaalf jaar eint-lik verbygaan.

Dit was 'n voorreg om die Klas van 2024 vir oulaas op Menlo-bodem te verwelkom om hulle laaste rapporte uit te deel. Te oordeel aan die breë glimlagte lyk dit asof dit vir elke leerder 'n blye weersiens was.

#menloviraltyd




## Menlo-wetenskaplikes op pad na internasionale ekspo

Vyf Menloparkers het gedurende die Desembervakansie gekwalifiseer om vanaf 21 – 27 Maart aan die International Festival of Engineering, Science and Technology (I-FEST) deel te neem. Mahdia, 'n stad in Tunisië, speel vanjaar gasheer vir hierdie geleentheid. Die vyf leerders wat gekwalifiseer het, is:

Luané Erasmus (kategoriewenner), Jan-Ernst Weilbach (kategoriewenner), Ruben Janse van Rensburg, Selie de Villiers en Dea Higgins.

Hartlik geluk aan hierdie leerders asook die NW-departement wat die Parkies uitdaag en inspireer om grense te verskuif.







# GEES


## #myplekismenlo


By Die Hoërskool Menlopark is die graadagts sommer met die eerste intrapslag welkom en daardie intrapslag was op Dinsdag, 14 Januarie 2025. Getooi in die kleure van die sportspanne is blink oë en opgewonde harte deur die Matriekraad ontvang. Dit was nie lank nie of die aggies het vir hulle eerste atletiekbyeenkoms aangetree en vir hulle eerste swemgala ingeduik. Die eerste indrukke van hierdie groep is dat hulle nog diep spore op Menlo-bodem gaan trap – daarvan is die entoesiasme waarmee hulle die eerste week se gebeure aangepak het 'n klinkklare bewys. Boonop was daar van Vrydag se huissportmoegheid Saterdag, by die graad 8-swemgala, geen teken nie.

Na dekades se swemgala-aksie kon die Insig egter steeds nie agterkom of dit die aggies of die Matriekraad is wat hierdie dag die meeste geniet nie...

Graadagts, Julle is eersteklas!

# SWEM

















## Rekords spat by interhuisgala

Hartlik geluk aan die volgende Parkies wat die rekordboeke by die interhuisgala herskryf het.

| | |
|---|---|
| Clarisé van Niekerk | |
| O. 15 | 200 m-vryslag & 100 m-borsslag |
| Jaydin Bresler | |
| O. 15 | 200 m-vryslag |
| Jayden Ciampi | |
| O. 15 | 50 m-borsslag & 100 m-borsslag |
| Chanel Veldman | |
| O. 16 | 100 m-borsslag |
| Katelyn Fourie | |
| O. 16 | 50 m-borsslag & 50 m-rugslag |

Junior victrix ludorum
Clarisé van Niekerk

Junior victor ludorum
Jayden Ciampi

Senior victrix ludorum
Katelyn Fourie

Senior victor ludorum
Zaine Niemand

### Algemene sweminligting

Alle swemmers het vandeesweek 'n inligtingsbrief met 'n skakel na 'n e-vorm ontvang. Ouers wat graag by Menloswem behulpsaam wil wees, word versoek om die e-vorm te voltooi deur die skakel te volg.

# AKADEMIE

## Plig kom voor *Plaisir*

Daar is vanjaar op die tradisie om die gr. 12-Fransleerders so 'n bietjie vroeër terug skool toe te lok, voortgebou. Om dit reg te kry, is allerhande volksvreemde taktiek soos *chasse aux trésors* en *pétanque* deur Madame Mia-Louise Nel ingespan. Die Insig is nie seker wat dit behels nie, maar by nadere ondersoek, is daar bevind dat *chasse aux trésors* en *pétanque* darem vrywillig en selfs lekker is.

Menlo se matrikulante wat Frans neem, sak jaarliks in die blokke voordat die skool begin om solank 'n duik in die letterkundesillabus te maak. Die Insig dra die belange van alle Parkies op die hart en is in die verband verseker dat daar tussen al die verpligtinge genoeg tyd vir *Plaisir* in eg Franse styl was. Daar is selfs verneem dat die woorde: "Ons gaan nou braai" gereeld tydens die akademiese kamp gehoor is. Hierdie hardwerkende Fransleerders stel voorwaar 'n uitstekende voorbeeld aan die res van die skool. Bravo!



# EGGO

## Eggo-redaksie bekend

Hartlik geluk aan die volgende Parkies wat vanjaar op die Eggo-redaksie dien:

Redakteur
Rian Knoesen

Subredakteurs
Leandri Botha & Marco Visser

Redakteur: Fotografie
Marli Smith

Subredakteur: Fotografie
René Coetzee

Die Insig wens die span alles van die beste toe en sien met verwagting na die eerste Eggo-tydskrif uit.



# MENLO PERSONEEL

## Welkom by die Menlo-familie

Die skool verwelkom vanjaar nege nuwe onderwysers asook 'n paar ou bekendes wat voorheen 'n verskil in die Menlo-klaskamers gemaak het. Die Insig wens hierdie span alles van die beste toe en glo dat hulle op Menlo-bodem sal floreer. Welkom in ons midde!



Voor: Me. Taila Loock (Geskiedenis en Lewensoriëntering), me. Kayla van Niekerk (Geskiedenis en Lewensoriëntering), mnr. Kobus Hartman (Hoof), me. Karmi Schuld (Wiskunde), me. Nicole Labuschagne (Lewensoriëntering) en me. Maryke Annandale (Musiek).

Eerste ry: Mnr. Shane Beyers (Wiskundige Geletterdheid), mnr. Driaan Bruwer (Besigheidstudies), me. Annari van der Poel (Lewensoriëntering), me. Lize Johl (Musiek), me. Emma Lotriet (English), me. Marina Hasenjager (Wiskunde) en mnr. Cas Badenhorst (Afrikaans).



# ATLETIEK

## Ons is die S-P-A-N met die G-E-E-S!

Daar was Vrydag, by die jaarlikse interhuisbyeenkoms, min tussen die vertonings van die fikse Atheners, Milete, Spartane en Trojane en die fenomenale gees van die toeskouers te kies – die vertoning van beide atleet en toeskouer was eenvoudig skouspelagtig!


Die aankoms van die dirries was oudergewoonte 'n hoogtepunt en dit was van meet af aan duidelik dat die interhuisbyeenkoms nie 'n saak is wat ligtelik opgeneem word nie.

Hier volg 'n opsomming van die dag se hoogtepunte op die pawiljoen:

Geesbekerwenners: Atheners


Dit is nie net die atlete, ondersteuners en dirigente wat 'n veer in die hoed vir puik deelname verdien nie, maar ook die organiseerders, afrigters en beamptes. Dankie vir 'n uitsonderlike byeenkoms! Me. Lelanie van Wyk en mnr. JJ Smith verdien 'n pluimpie vir hulle seepgladde reëlings. Hier volg 'n opsomming van die hoogtepunte op die baan en veld:

- 22 rekords is verbeter.
- Beste sprongatleet
  Nicolas Nieman
- Beste middelafstandatlete
  Zanta Lourens en Leon Stoltz
- Beste hekkiesatlete
  Janelle Kirkpatrick, Megan Nieman en Ryno Riekert
- Beste naellopers
  Juané Jordaan en Llewellyn van Heerden
- Beste enkelprestasie op die baan (jr.)
  Juané Jordaan, Janelle Kirkpatrick en Kaiden Beukes
- Beste enkelprestasie op die veld (jr.)
  Daniélla Fourie en Jaco van Dyk
- Beste enkelprestasie op die baan (sr.)
  Megan Nieman en Llewellyn van Heerden
- Beste enkelprestasie op die veld (sr.)
  Chirsté Loedolff, Merlé Jv Rensburg en Joshua Gerber
- Algehele beste prestasie (dogter)
  Juané Jordaan, Janelle Kirkpatrick en Megan Nieman
- Algehele beste prestasie (seun)
  Jaco van Dyk
- Victrix ludorum
  Janelle Kirkpatrick (jr.) en Megan Nieman (sr.)
- Victor ludorum
  Michael Shanzi (jr.) en Llewellyn van Heerden (sr.)
- Spankometisie: Atheners












# SPOG

## Parkie met ritme presteer internasionaal



Baie geluk aan Carin Lange (graad 12) wat gedurende die Desembervakansie aan Get The Beat World Finals in Australië deelgeneem het. Carin het 90% – 94% vir al haar dansitems behaal. Dit is voorwaar 'n uitstekende prestasie. Welgedaan!




# ALUMNI

## Hulle weet nou wat ons weet…

… En dit is dat die Protea-netbalspan eenvoudig nie sonder oud-Menloparkers, Rolene Streutker en Luca Keun, kan klaarkom nie. Die skool is trots op hierdie twee netbal-ambassadeurs en wens hulle 'n blink netbaltoekoms toe.










**TE KOOP: EGGO-JAARBLAAIE (2024) @ R100** **FINANSIËLE KANTOOR**

# Julle is helde!

★★★★★

Baie dankie, WIRUlink. Julle is helde. Dankie dat julle die tyd geneem het om die probleem te analiseer en dit op so 'n professionele en vinnige manier op te los. Julle is ongelooflik, en ek kan julle nie genoeg bedank nie!

***Reghardt***

***Jou BESTE Plaaslike Internet Verskaffer.***

wirUlink
wireless · fibre · voice · data

RUSH NETWORK · MetroFibre · DFA Open Access Network · Fibre by VUMA · Frogfoot Just connect · openserve

Intercare classic road race

Saturday, 3 Feb 2024 at 06h00

Castle Gate Shopping Centre

Enter Now

21,1 km · 10 km · 5 km (Charity Run)

Magnolia Road Runners · Intercare Leaders in Health · Castle Gate

**Die nutsman**

**Cornelius Steyn**

Moenie dat instandhoudingstake jou onderkry nie. Skakel Cornelius vandag indien jy hulp benodig met:

- Staalwerke
- Hekmotors
- Loodgieterswerk
- Sekuriteitsheinings
- CCTV-kameras

**081 421 9233**